20/84

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

HEINRICH KOTZE .................. Appellant

EN

DIE STAAT ....................... Respondent

Coram: CILLIé, VILJOEN et SMUTS, Wn AR

Verhoor: 6 Maart 1984

Gelewer: 22 Maart 1984

---

U I T S P R A A K

CILLIé, AR :

Die appellant kom in hoër beroep teen die vonnis wat die Hooggeregshof, Afdeling Kaap die Goeie Hoop, hom na skuldigbevinding aan

verkragting .... / 2

verkragting opgelê het. Namens die appellant is nie aangevoer dat daar enige onreëlmatigheid of wanvoorligting by sy verhoor of die vonnisoplegging voorgekom het nie. Daar is slegs betoog dat die vonnis van tien jaar gevangenisstraf buitensporig en onvanpas is, 'n vonnis wat 'n hof nie redelikerwys in die omstandighede sou opgelê het nie. Dit is derhalwe nodig om al die relevante besonderhede van die misdaad, die omstandighede van sowel die appellant as die klaagster en die belange van die gemeenskap in oënskou te neem.

Die appellant, 'n Witman van Worcester, was ten tye van die onderhawige gebeurtenisse twintig jaar oud en 'n getroude man. Toe

hy op Maandagmiddag, 1 Maart 1982, met sy motor by sy tuiste stilhou, het hy die klaagster voor hom in die straat opgemerk. Sy is 'n Kleurlingvrou. Die appellant se getuienis dat sy vir hom sou gewink het en dat hy kon aflei dat sy met hom seksuele omgang wou hê, is deur die Verhoorhof verwerp. Dat hý met háár omgang wou hê, blyk uit sy onmiddelikke voorbereidings. Hy het dadelik 'n kondoom in die huis gaan haal, teruggekom en met sy motor agter haar aangery. Hy het langs haar stilgehou en gevra waarheen sy gaan. Sy het geantwoord dat sy op pad was na die skool toe. Dit blyk uit die getuienis dat sy 'n vriendin wat by die Hoër Tegniese Skool Drostdy gewerk het,

wou besoek om aan haar 'n bedrag geld te betaal en ook om haar te vra of daar nie vir haar by die skool werk was nie. Toe sy aan die appellant vertel waarheen sy gaan en wat sy gaan doen, het hy gesê dat hy by die skool werk, daarheen op pad is en haar sou saamneem dan sou sy gouer werk kry. Sy het hom geglo en sy aanbod aanvaar. Hy het vir haar die regter agterdeur van die motor oopgemaak en sy het ingeklim.

Hulle het verder gery. Toe die klaagster opmerk dat hulle nie afdraai na die skool toe nie, het sy die appellant daarop gewys. Hy het haar beveel om stil te bly en vinniger gery sodat sy nie kon uitspring nie. 'n Endjie

verder het hy in 'n digte bloekombos ingedraai. Hy het stilgehou en haar beveel om uit te klim. Hy het haar gevra om met hom geslagtelike gemeenskap te hê. Sy het geweier en ook aan hom gesê dat sy onwel was. 'n Later bevinding van die distriksgeneesheer was "dat minimale menstruasie teenwoordig was". Toe die klaagster weier om aan sy versoek te voldoen het die appellant haar gegryp en probeer om haar klere uit te trek. Sy het haar verset. Daarop het hy 'n "slagtersmes" met 'n lem wat meer as veertien sentimeter lank was, uit sy motor gehaal. Toe hy haar met hierdie mes dreig, het sy geen weerstand meer gebied nie. Die appellant het haar verkrag. Hy is daarna

terug na sy motor toe met haar handsak en haar skoene. Die artikels het hy naby die motor neergesit en alleen weggery.

Die klaagster het kaalvoet teruggeloop dorp toe want sy het nie gesien dat die appellant die skoene en die handsak in die bos agtergelaat het nie; die polisie het dit later daar gevind. Haar jakkie wat in die worsteling geskeur is, het sy oor haar arm gedra. Sy het die appellant in die straat opgespoor en hom gevra om haar handsak terug te gee. Hy het haar uitgevloek en te lyf gegaan. Dit was 'n betreklike ernstige aanval want dit het gelei tot 'n aanklag van aanranding, 'n skuldigbevinding

en 'n vonnis van ses maande gevangenisstraf. Daar is geen appèl aangeteken teen hierdie skuldigbevinding en vonnis wat betrekking het op die tweede aanklag by die verhoor nie.

Van die klaagster moet die volgende gesê word. Ten tye van die gebeurde was sy 36 jaar oud en blykbaar van haar man geskei. Sy het reeds aan twee kinders geboorte gegee. Sy is nie in die verkragting beseer nie en die Verhoorregter het dit as 'n versagtende faktor ten gunste van die appellant beskou. Dit ly egter geen twyfel nie dat sy gedurende die insident in groot vrees verkeer het. Toe aan haar gevra is waarom sy nie in een of ander stadium weggehardloop

het nie, het sy gesê:

> "Want ek kan nie weghardloop nie want daar is die mes ... En ek was bang die baas gaan my agter-nasit."

Dit blyk ook uit die getuienis dat sy ernstig geskok en diep gegrief was veral omdat sy soveel minagting van die appellant moes verduur. Op 'n kruisvraag was haar antwoord:

> "Dit het my nog nooit oorgekom nie, en dit nog met 'n blanke nie, en dan het hy nog die reg om my so te slaan, nes ek 'n vrou is van hom."

Die laaste aanmerking is 'n verwysing na die latere aanranding wat op haar gepleeg is.

Verder moet met betrekking tot die vorige opmerking genoem word dat rasse-

verskille by die oplegging van vonnis in 'n geval soos hierdie een 'n sogenaamde "neutrale faktor" is. Daar is nie aangevoer dat die Verhoorregter in dié opsig misgetas het nie. Behalwe in die aangehaalde opmerking het die klaagster by meer as een geleentheid in haar getuienis, direk en indirek, na die rasseverskille tussen hulle verwys. So het sy deurgaans die appellant "die baas" genoem. In die loop van die aanranding is daar deur die appellant sowel as die klaagster van haar ras gepraat. Dit is egter nie met sekerheid vasgestel dat die appellant met enige vermeende rassemeerderwaardigheid sy doel probeer bereik het nie. Die rasseverskil het geen rol gespeel in die oplegging

van die vonnis nie.

Die appellant het 'n tragiese jong lewe gehad. Sy vader is vroeg dood en sy moeder het 'n "drank/probleem" gehad; sy was twee keer in 'n inrigting vir dranksugtiges. Die appellant het, met terugslae, tot by standerd 8 in 'n tegniese skool gevorder. Ten tye van die betrokke voorval was hy in diens van die Suid-Afrikaanse Spoorweë as 'n assistenttreindrywer met 'n vaste inkomste. Sy vrou was agtien jaar oud en het ook gewerk. Hulle was gelukkig getroud en het 'n normale verhouding gehad. Toe die appellant ter versagting van vonnis getuig het, het hy gesê:

> "Tot 'n mate is ek spyt oor wat gebeur het want ek het my vrou en my ouers, my vrou se ouers ongelukkig gemaak."

Hy het egter volgehou dat die klaagster toestemming tot gemeenskap gegee het. Ten slotte moet gemeld word dat hy geen vorige veroordelings het nie.

In sy uitspraak oor die vonnis het die Verhoorregter die ernstigheid van die misdaad benadruk en die relevante feite met betrekking tot die appellant en sy getroude lewe aangehaal en die aangeleenthede wat ten gunste van die appellant tel ook in ag geneem. Na vermelding van die klaagster se omstandighede, het die Verhoorregter gesê:

"Wat die derde aspek betref, naamlik die belange van die gemeenskap, moet die Hof in aanmerking neem dat dit 'n plig het om die gemeenskap teen hierdie tipe optrede te beskerm. Verkragtings kom deesdae in groot getalle voor hierdie howe en die Hof het 'n plig teenoor die gemeenskap om hierdie tipe oortredings te bekamp. Die vonnis wat opgelê word, moet aan die gemeenskap toon dat die Hof nie met dié tipe gedrag akkoord gaan nie en die mense wat miskien geneig sou wees om hierdie tipe misdade te pleeg, moet besef dat die Hof sterk teenoor hulle gaan optree."

Na my mening het die Verhoorregter by die strafoplegging al die relevante aangeleenthede van die saak in ag geneem en nie een of ander besondere aspek te veel beklemtoon of te

gering geskat nie. Maar al is 'n uitspraak aldus ewewigtig kan dit nogtans in so'n mate buitensporig wees dat 'n appèlhof dit behoort te wysig. By die bepaling of 'n straf wel te swaar is, is dit nie altyd moontlik om die opgelegde vonnis te vergelyk met ander vonnisse in soortgelyke gevalle nie; gewoonlik is voorbeelde nie maklik bekombaar nie en dikwels is dit moeilik om met 'n mate van sekerheid vas te stel of die belangrike besonderhede van die voorbeelde wesenlik ooreenstem met dié van die onderhawige geval. Die appèlhof is dikwels, soos hier, genoodsaak om uit die ondervinding van sy lede te bepaal wat 'n gepaste straf sou wees. Slegs as daar dan 'n treffende wanverhouding tussen

'n straf aldus bepaal en die opgelegde straf is, kan die hof bevind dat die strafoplegger nie sy diskresie op redelike wyse uitgeoefen het nie, of dat die hof nie so'n vonnis redelikerwys sou opgelê het nie; dan moet die appèlhof ingryp.

Na oorweging van al die relevante omstandighede het ek tot die gevolgtrekking gekom dat die straf swaar was en dat 'n gepaste straf een of twee jaar minder kon gewees het. Die wanverhouding, indien dit so genoem kan word, is egter nie sodanig dat dit as treffend of skokkend beskou kan word nie. Na my mening is 'n inmenging deur hierdie Hof dus nie geregverdig nie. Die appèl kan derhalwe nie slaag nie.

Die appèl word afgewys.

P M CILLIé, AR

VILJOEN, AR )
SMUTS, Wn AR ) stem saam